

Trofeë-Jagters van 'n ander aard: Velkewers en horingmotte

Dermestes maculatus E: hide beetle, museum beetle A: velkewer D: Fellkäfer



velkewerlarwes in verskillende groeistadiums van klein larwetjie tot nog net sy velletjie of broek

Wat ons gewoonlik sien van die velkewers is die larwes: redelike klein konies gevormde bruin "wurmpies", wat uit die droë rou velle val. Soms kry ons hulle ook in die huis tussen klere of materiaal wat vir 'n langerige tydperk nie gehanteer is nie. Opvallend is die lang rooibruin hare van verskillende lengtes op die lyfie.....voel hulle daarmee?

Partykeer sien ons slegs die velletjies van die larwes, wat intussen papie geword het of selfs al uit die papiedop geklim het. Hierdie tekens in jou huis is slegte nuus! Hulle kan in ou biltong sit, in rou velle of horings wat êrens in die huis teen die muur sit of op die vloer lê.

Hulle vreet die dun vellagie en vetterigheid wat tussen die vel en vleis of horingbeen sit en kan regtig groot skade aanrig; die vel verloor sy hare. Dit gebeur net met rou velle, want in gelooide velle sit daar nie meer kos vir velkewers nie. 'n Soutbehandeling alleenlik is nie 'n teenvoeter vir velkewers nie!!, want sout trek net die vog vinnig uit die vel, dit vernietig nie die eetbare vesel soos bv. vet op die vel nie.



vel al beskadig deur velkewerlarwes, die hare kom af

Soos ons uit die Engelse naam kan aflei, is velkewers absoluut 'n faktor in museums: hulle kan skade aanrig, **maar** hulle word ook **benut** om bv. skedels, en skelette skoon te vreet. Daarom word hulle soms ook daar geteel.

Die uitgestopte diere wat in museums uitgestal word, soogdiere met haarvelle, reptiele met skubvelle, voëls met vere, word natuurlik nie met gelooide velle oorgetrek nie en is natuurlik vatbaar vir beskadiging deur velkewers. Ek neem aan hulle word op een of ander manier daarteen beskerm (dalk chemies), maar baie belangrik is dat die bene, velle en horings vry van vleis-, vet- en weefselreste moet wees, sodat insekte geen kos daar kan kry nie. As daar al kewers in een of ander stadium teenwoordig is, kan dit met hitte (60 grade Celsius plus) of koue (vries) oor 'n paar ure vernietig word.

Die kewertjies is nogal kleinerig, swart van kleur. Ongelukkig kon ek nie nou kewers opspoor om fotos te maak nie, maar as u in die internet soek, sal u dit beslis kry.

By nadoodse ondersoeke lewer velkewertjies en die verskillende stadiums van gedaantewisseling (eiers, maaiers, papies, volwasse kewers) belangrike inligting oor hoe lank bv. 'n moord/dood (die misdad) teruglê en word so dan ook as inligtingsbronne gereeld gebruik.

Hulle is **natuurlik net vir die mens skadelik**. In die natuur doen hulle die **baie nuttige afbreekwerk**, hulle maak skoon, verwyder onder andere potensiële broeiplekke vir siektes, hulle ruim op.

Inligtingsbronne saamgevat aan die einde van die artikel.

Ceratophaga vastella

E: horn moth A: horingmot D: Hornmotte

HORINGMOTTE, ons ken hulle "maaksels" almal : Dis daardie wortelagtige tossels, wat dikwels op ou horings "groeï", wat in die veld of op die erf buite rondlê.



horings met horingmotbuisies



koedoehoring lyk of dit wortels geskiet het



larwe op stukkende buisie



agterste buisie is nog toe, voorste een voor en agter oopgesny



vreetmerke



papiesakkies op horing van larwes

Hierdie tossels is eintlik "kinderkamers" van die larwes van motte!.... Horingmotte.

Die horingmot is familie van kleremotte, wat ons wintersklere so verniel deur gaatjies daarin te vreet. Dit geld veral vir egte keratienvesel van diere-oorsprong: natuurlike wol (skaap, merino, kameel, symateriaal ook in persiese matte bv. en meubeloortreksels).

Hierdie motte het al regtig baie groot skade aangerig op syplase, waar hulle die kokonne van die sywurms deurboor het om hulle eiertjies daarin te plaas. 'n Kokon met 'n gat in is **absoluut waardeloos** vir die sy-industrie, omdat die een draad, waaruit dit gerol is, nie meer net een draad is nie, dis stukkendgebyt.

Horingmotte verniel nie ons klere nie, maar wel horings wat nie goed skoongemaak is nie. Hulle self vreet nie vleis-, vet-, hare- en horingweefsel nie, dis hulle kleintjies, die larwes. Die is in staat om die proteïene in **keratien** (natuurlike haarweefsel) te verteer, en daarop voed hulle dan ook.

Die motte self is klein, het maar 'n vlerkspan van 3 cm, is goudgeel van kleur met 'n bruin kop en voelers. Voor teen die kop sit 'n goudgeel bossie hare. Eintlik sien 'n mens nie die motte nie; as jy sien, daar's fout, is die motte lankal weg, dan sit net die papiesakkies op die horing.

Glo dit of nie: Die insekkundige Thomas de Grey (1843-1919) kon die verskynsel van die horingmot-tossels op **lewende diere** gewaar! Dit is ook deur ander Afrika-avontuurders bevestig.

Die mot deponeer die eiertjies op die horing, die maaier klim uit en boor in die horing in tot dit by die beenvel kom. Daar begin dit te vreet en vreet en vreet, beenvelletjie en horing. Dit vreet van binne na buite. Soos dit vreet, spin dit 'n sakkie rondom ditself, koppie voor aan die punt. Die sakkie - binne-in sy-agtig-glad, buite-om bedek met sand- en larwemiskorreltjies - word langer, want die maaier (Made) groei. Dit kan vanaf amper vyf maande tot twee jaar neem, voordat die maaier "versadig" is en in papiestadium ingaan. So is dit dan ook nie verbasend, dat hulle so vernielend te werk gaan nie. As die papie in 'n mot verander het, klim dit vooraan die buisie uit en laat sy papiedop agter.



motte het die buisies al verlaat



papiesak bedek met sand- en maaiermis-korrels

Hier het ons nog 'n goeie voorbeeld van mens se vyand en natuur se helper en vriend: hulle verniel van ons aardse besittings, hulle breek ou, dooie materiaal in die natuur af en "ruim op".

Hoe kan ons ons trofee beskerm? Taxidermie-Studio beveel aan:

- Trek die horingpype so gou as moontlik van been af.
- Maak die skedel baie goed skoon, haal alle vleisies, vetjies, velletjies af (dis larwekos!)
- Hou die skedel **droog**.
- Bêre, waar goggas nie kan inkom nie

Wat rou velle betref:

- Trek so skoon as moontlik af, skraap vleis, vet, velletjies af, **sout orals en ordentlik**, as hulle dan nie gou na die taksiedermiss toe gevat kan word nie.

Inligtingsbronne:

Taxidermie-Studio Otjiwarongo (Dankie, Jandré)

Updated Field Guide - Insects of South Africa (M.Picker, C.Griffiths, A.Weaving)

www.inaturalist.org/taxa/356151-Ceratophaga-vastella

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Foto: koedoehoring lyk of dit wortels geskiet het: Uschi van Dorssen (danke)

Augustus 2016